Boys' Primary School
Tel. 872-4651 Fax: 872-0689
P.O. Box 141
Main Street
PAARL
7622

Primêre Seunskool
Tel. 872-4651 Faks 872-0689
Posbus 141
Hoofstraat
PAARL
7622

postmaster@paarlboysp.co.za
http://www.paarlboysprimary. org.za

NASORG 2017

VOLDAG PAKKET

NAAM: _____ **GR.** _____

Die volgende voorwaardes is van toepassing op u kind se toelating tot bywoning van die Nasorg:

1. NASORGTYE

Die Nasorgtye is vanaf 13:00 tot 17:30 en dit is die ouers se plig om die tye te handhaaf. 'n Boete word gehef na 17:30 – R30 vir elke 10min na 17:40. Indien dit herhaaldelik gebeur, kan die diens opgeskort word.

2. AFHAAL VAN KINDERS

Geen leerder mag die terrein verlaat sonder magtiging nie. Dit is die ouer/voog se verantwoordelikheid om die Nasorg in kennis te stel van die leerder se buitemuurse aktiwiteite en afhaal reëlings. Hierdie kennisgewing moet skriftelik aan die Hoof van Nasorg ingedien word : eneethling@paarlboysp.co.za.

4. GEDRAG

Daar word van leerders verwag om te alle tye so op te tree sodat die Nasorg ordelik vir alle leerders kan funksioneer. 'n Leerder wie se gedrag nie hieraan voldoen nie, se bywoning kan deur dissiplinêre optrede opgeskort word.

5. OORTREDINGS

Die volgende voorbeelde van wangedrag is onaanvaarbaar en lei tot die instel van sekere maatreëls en / of dissiplinêre stappe.

5.1 Leerders mag nie die gesag van die toesighouers/personeel ondermyn nie.
5.2 Leerders moet te alle tye die reëls van die Nasorg nakom.
5.3 Leerders mag nie die terrein verlaat sonder magtiging of spesiale toestemming nie.
5.4 Leerders mag nie die eiendom van die Nasorg beskadig of vernietig of vandalisties optree nie.
5.5 Leerders mag nie ander leerlinge beseer, aanrand of andersins beledig nie.
5.6 Leerders mag nie die eiendom van ander leerlinge beskadig nie.
5.7 Leerders mag nie vloek, skeltaal gebruik of obsene tekens wys nie.
5.8 Leerders mag nie rommel of ander vuilgoed op die terrein of buite die gebou rondstrooi nie.
5.9 Leerders mag nie oneerlik optree nie.
5.10 Leerders mag nie enigiets doen wat die ordelike funksionering van die Nasorg kan belemmer nie.

6. GEDRAGSKODE:

Indien 'n leerder sekere onaanvaarbare gedrag toon, kan een van die volgende maatreëls geld:

- Verbale teregwysing
- Skriftelike waarskuwing
- Tydelike skeiding van ander kinders
- Ouers in kennis stel van wangedrag

7. **ALGEMENE:**

7.1 Die Nasorg by Paarl Primêre Seunskool sal net op skriftelike instruksies en in uitsonderlike gevalle, telefoniese instruksies van die ouer met toesig en voogdyskap van die leerling aanvaar.
7.2 Persoonlike besittings is elke leerling se verantwoordelikheid.
7.3 Klere en sakke moet gemerk word.
7.4 Leerders moet uitgeteken word deur die persoon wie hulle afhaal.
7.5 'n Nasorg Aansoekvorm moet elke jaar voltooi word.

Ek aanvaar hiermee al die voorwaardes van toepassing van betrekking tot die bywoning van my kind by die Nasorg en onderneem om die fooie te betaal soos aangedui.

ONDERTEKEN TE _____ **OP** _____

_____ _____

GETEKEN: OUER / VOOG **DATUM:**